

Die Oorsprong

II.

deur Dr.

NADAT my eerste artikel oor hierdie onderwerp in *Die Huisgenoot* van 12 Februarie verskyn het, het ek briewe van belangstellendes ontvang met die versoek dat ek ook oor die oorsprong van die ander liedere in die Volksangbundel moet skryf. Dit sou heeltemal onmoontlik wees om oor al die liedere te skryf. In die eerste plaas weet ek self maar min omtrent die oorsprong van 'n hele aantal liedere; 'n mens sou, wat ongelukkig nie kan gebeur nie, die komponiste self moes raadpleeg. En in die tweede plaas behandel verskeie digters dieselfde onderwerp uit verskillende gesigspunte in elke groep liedere. Sommige van hierdie liederè is vir my mooi; ander weer vir u. Net soos in die eerste artikel sal my keuse dus op sekere liedere val wat om historiese of ander redes van betekenis vir my is.

Uit die Chaos van die Eeue: Hierdie musiek is oorspronklik deur Stephen Eyssen gekomponeer en wel vir *Die Stem van Suid-Afrika*. Mnr. Langenhoven het hom verlot gegee om dit te laat druk, wat dan ook gebeur het. Op mnr. Eyssen se eie koste is daar toe 'n klompie eksemplare van die lied in die land versprei. Later het dit met omtrent tien ander meegeeding om erken te word as die offisiële toonsetting van *Die Stem*. Die letterkundige eksekutrice van die Langenhoven-boedel het beslis dat sy vir hierdie doel slegs die toonsetting van M. L. de Villiers sal toelaat. So het ons in die Volksangbundel alleen laasgenoemde komposisie laat verskyn. Maar die toonsetting van mnr. Eyssen besit darem groot verdienste, en na hierdie beslissing het ons vriend, Danie F. Viljoen (onderwyser aan die Heidelbergse Hoërskool) die woorde van die Kultuurlied vir hierdie musiek gedig. Dit is nou een van die bekendste vaderlandsliedere en word op feesdae en kulturaande met geesdrif gesing.

Ek ken 'n Land van Ossewa: Op 9 Mei 1934 was ek in Memel. 'n Kring van ou vriende, wat ek vyftig jaar gelede (destyds nog in die Duitse Ryk) leer ken het, was bymekaar om my te verwelkom. Daardie middag en aand het ons baie gesing en musiek gemaak. Uiteindelik hoor ek 'n liedjie wat vir my onbekend was. Die komponis daarvan is 'n man van Italiaanse afkoms: A. W. Zuccalmaglio (1803—1869). Aan die *Tydskrif vir Musiek*, uitgegee deur Robert Schumann, het hy waardevolle bydraes gelewer. Hierdie lied is die eerste keer in 1840 gesing en wel op woorde wat ek as volg in Afrikaans oorgesit het:

Geen fraaier land in hierdie tyd—
Ons was beproef deur smaad en leed—
Hier sit ons blye, nog ongeskeie
ter avondstond.

So dikwels het ons hier gestaan—
Geen ware vriendskap kan vergaan—
Die oues singe, die jonges springe
in maneskyn.

Ontmoet wil ons mekaar graag weer—
Elk hart verlang daarna steeds seer—
Mens kan wel wikke, maar God beskikke;
Hy het die genaad'.

En nou wil ons geen sugte slaak—
Die Here sal wel oor ons waak—
As ons bly vegte vir heil'ge regte.
Jou hand, ou maat!

Ná honderd jaar het hierdie liedjie dus sy weg na Suid-Afrika gevind, en ek hoop hy sal altyd hier bly. By die musiek van hierdie lied het mnr. Th. Jandrell, nou Inspekteur van Onderwys in Transvaal, die woorde gedig wat vandag in die Volksangbundel staan:



Die Skrywer.

Ek ken 'n land van ossewa,
my eie land Suid-Afrika;
waarvoor geslagte deur bangste nagte
hul leed moes dra.

No. 250: Vroeg smôrens as die haantjie kraai: Die komponis van hierdie pragtige lied is die bekende Franz Abt (1819—1885). Hy was eers teoloog, maar sy werklike roeping was musikus. So het hy dan jare lank as musikdirigent in Zürich gewerk. Hy het 'n groot aantal liedere vir mannekore gekomponeer, en op uitnodiging van sulke kore het hy ook 'n reis deur Noord-Amerika onderneem. Hy is in Eilenburg gebore nie ver van Leipzig af nie. Jammer dat ek dit nie vroeër geweet het nie, anders sou ek seker toe ek gedurende die jare 1902—1904 in Leipzig gestudeer en soms ook in Eilenburg gepreek het, nie versuim het om sy geboortehuis op te soek nie. In Switserland het hy baie populêr geword. Toe ek in 1934 saans deur die strate van Basel en Bern gestap het, was ek verbaas om in verskillende dele van die stede mannekore te hoor oefen. Onder die liedere het ek ook dié van Abt herken—en dit was reeds 50 jaar na sy dood. Van hom het ons ook in die bundel oorgeneem no. 158:

van die Volksangbundel

HUGO GUTSCHE

„As die swaels noordwaarts gaan” en die heerlike bondslid no. 190 wat by plegtige geleenthede gesing word. Die oorspronklike woorde van no. 250: „Vroeg smorens as die haantjie kraai” is gedig deur Leberecht Drewes. Hy was advokaat en digter en ’n groot liefhebber van die natuur. Soms het hy douvoordag opgestaan en in die bosse rond gestap om na die voëls te luister en na die bome en blomme te kyk. Die Afrikaanse woorde vir hierdie lied vind ons in Langenhoven se *Aan Stille Waters* op bls. 341. Ek wou hierdie woorde graag gebruik en het op 6/2/31 verlof gevra. Maar op 23 Maart is dit geweier, omdat ander mense heelwat ongeoorloofde gebruik van Langenhoven se vertalings gemaak het. Hy was dus verplig om op beginsel dit nie toe te staan nie. Omdat ek geweet het hoeveel blywende vreugde die lied aan baie mense sou skenk, het ek self die stoute skoene aangetrek om dit in Afrikaans te vertaal: so staan die lied nou met my woorde in die bundel. Die eerste keer toe ek „Waldandacht” as solo deur mej. Von Bulow op Oos-Londen hoor sing het, sal ek nooit vergeet nie: dit was in 1901. Mnr. Eyssen het dit ’n paar keer in Heidelberg deur ’n koor laat sing.

No. 116: *Marietjie, Maraja, Maryne (Die Lore am Tore)*. By hierdie liedjie kan duidelik gesien word watter verbasende veranderinge in teks en wysie in die loop van jare plaasgevind het. Die oorspronklike wysie het niks anders aantreklik besit nie. Die komponis en die digter van „Sally in our Alley” was Henry Carey (1690—1743). Daar het drie digbundels van hom verskyn, en hy het liedjies gekomponeer en klugte en dramatiese stukkie geskryf. „Sally”, sy bekendste liedjie, is 220 of meer jaar gelede gemaak. Carey self is in armoede te Londen dood, hoewel hy die seun van ’n markies van Halifax was.

Of all the girls that are so smart,
There's none like pretty Sally.
She is the darling of my heart,
And lives in our alley,
There is no lady in the land,
That's half so sweet as Sally.

My master and the neighbours all
Make game of me and Sally,
And but for her I'd better be
A slave and row a galley.
But when my seven long years are out,
I then will marry Sally,
And happy ever strive to live,
But not in our alley.

In 1797 verskyn die woorde vir hierdie wysie in Duits, gedig deur H. Boie (1744—1806). Hy was ’n hooggeplaaste amptenaar, en in die literatuur is hy bekend as die stigter van die Duitse „Musenalmanac” wat hy jare lank alleen uitgegee het. Die eenvoudige wysie van Carey het nie meer gepas by die woorde van Boie nie. (Hier moet ek nog byvoeg dat die eerste vertaling van ’n naamlose persoon maar taamlik housterig was: Das Bäschen in Gässchen.) Die woorde van Boie, wat hier volg, is verreweg die beste:

Von allen Mädchen so blink und so blank
gefällt mir am besten die Lore;
von allen Winkeln und Gäschen der
Stadt
gefällt mir's in Winkel am Tore.
Der Meister, der schmunzelt, als hab er
Verdacht,
als hab er Verdacht auf die Lore.
Sie ist mein Gedanke bei Tag und bei
Nacht
und wohnt im Winkel am Tore.

Und kommt sie getrippelt das Gäschen
herab,
dann wird mir's ganz schwül vor den
Augen.
Und hör' ich von weitem ihr leises Klipp.
Klapp,
kein Niet oder Band will mehr taugen.
Die Damen bei Hofe, wie sehr sie sich
zier'n
sie gleichen doch nicht meiner Lore.
Sie ist mein Gedanke . . . (ens.)

Und kommt die liebe Weihnacht heran,
und strotzt mir das Geld in der Westen,
das Geld, das die Mutter zum Rock mir
gesandt,
ich geb's ihr, bei ihr ists am besten;
und würden mir Schätze vom Teufel
gebracht,
ich trüge sie alle zur Lore;
Sie ist mein Gedanke . . . (ens.)

Und kommet nun endlich auch Pfingsten
heran,
nach Hendwerksgebrauch müsz' ich
wandern;
dann werd' ich jedoch für mein eigenes
Geld
hier Bürger und Meister trotz andern.
Dann werd' ich Meister in dieser Stadt,
Frau Meisterin wir meine Lore!
Dann geht es juchheissa bei Tag und bei
Nacht;
Doch nicht mehr im Winkel beim Tore!

Blykbaar het studente en tien-duisend ander mense hierdie woorde van Boie veertig jaar na hul ontstaan nog op die wysie van Carey gesing. Toe kom die nuwe wysie in 1835. Die komponis daarvan het hom so goed skuilgehou dat niemand tot vandag toe kon uitvind wie hy was nie. Maar oud en jonk sal hom daarvoor dankbaar bly, ook ons hier in Suid-Afrika wat die wysie honderd jaar later (in 1936) oorgeneem het.

Uit my korrespondensie kan ek sien dat afskrifte van hierdie twee gedigte aan Eiternal besorg is met die versoek dat hy maar vir die Afrikaanse woorde sy ingewing moes volg. En watter soort teks het hy nou vir Suid-Afrika daarvan gemaak? Kry ons daarin die geesdrif van die Engelse vryer, die oë net op een doel gerig? Nee. Kry ons daarin ’n kèrel soos die jong Duitser wat al sy geld spaar vir die toekomstige huisie en wat selfs die paar sjielings wat sy moeder vir ’n nuwe baadjie stuur, bère vir sy Lore? Ook nie. Ons kry ’n aarselende, talmende kèrel wat tussen drie gawe nooientjies nie sy koers kan kry nie. Die ryperd staan klaar—en met al sy besluiteloosheid los hy die teuels en wil dit selfs aan die perd oorlaat om die pad na een van die nooientjies te kies. Vir my lyk Eiternal se teks heeltemal simbolies: die dogters het maar self besluit. Marietjie het seker gedink: Ag nee, hy is maar van die ou soort. Maraja het

gedink: Ag nee, hy is maar van die nuwe soort. Maryne het gedink: Ag nee, hy is darem alte stadig. En die kèrel self: Hy behoort tot die desperate soort, want nou wil hy ten minste wag tot die derde nooientjie se jonger susters oor ’n paar jaar aangeneem word! So dryf die jongkèrel hier met homself die spot. Die kèrels wat na Sally en Lore gevry het, was heeltemal anders van geaardheid. Hier kom die toepassing van die preek. *Hulle* sien uit na ’n nuwe toestand, na ’n ander orde op ’n hoër plan van bestaan. Vir hulle was dit gevolglik: werk, iets regkry en bereik, selfstandig word ten spyte van alle swaarkry en van die afguns van hul opponente. Papproekerigheid na die maan! Bereik jou doel, en wel, soos Carey en Boie sê, *Not in the alley*, en ook nie langer *am Tore*, waar die minder-gegoedes woon nie. Die Afrikaner gaan in sy eie land iets *beteken*.

Op die wysie van hierdie lied kan ’n mens ook die woorde van A. G. Visser se *Sannie* sing:

Daar was in my oë geen jonkman so flink,
So gaaf en so prettig as Jannie.
„Vir hom sal ek wag,” het ek heimlik
gedink,
Al kry ek ook anders geen man nie!
Maar hy had net oë vir Sannie du Toit.
(En wie het ’n glimlag soos sy het?)
’n Skatjie was sy, so liefvallig, so mood,
Moenie vra nie of ek Sannie beny het!

In die derde uitgawe van die F.A.K.-Volksangbundel, wat gereed in Amsterdam lê, sal dit met hierdie musiek verskyn.

No. 87: *Taraboemdery*. Dit is ’n Sweedse volkswysie met ’n tra-la-larefrein en kom voor in *Wander-vogel III*, bls. 95. Eiternal se woorde pas op volmaakte wyse by die gevoelvolle, sentimentele musiek aan. Ek verstaan hierdie liedjie word vandag oral in ons land gesing.

No. 108: *Dit kan tog nie altyd so bly nie*. Die wysie van hierdie lied het ons te danke aan Fr. Himmel (1765—1814). Hy was eers teoloog, later musikus en daarna dirigent. Behalwe liedjies het hy ’n „Onse Vader”, psalms, oratoriums en operas gekomponeer. Onder sy operas is daar een wat ons seker sal interesseer: *Vasco da Gama* (1801). Die woorde van no. 108 is gedig deur Aug. Fr. von Kotzebue. Hy was, soos destyds baie van die Duitse adel, aan die Russiese staatsdiens verbode. ’n Tyd lank was hy ook ’n banneling in Siberië.

(Word vervol.)

WAAI SAG, O WIND

Wai sag, o wind, die tyd is smal,
en bleek die vreugde van my lamp.
Ek het geswerf om hierdie ingeslote dal—
nou is begeertes klein en ingekamp.

Wai sag, o wind, en sing nie meer
en hou die goue storme uit.
Die kleine rus moet slaap en dwaal nie meer,
en glans vergeet, soos son by nag, die ruit.

Wai sag, o wind, en soen die slaap
dat hy sy arme om ons lê.
Geen swerwer om ’n verder verder Kaap
sal soeter sluimering ooit hê.

J. S. RABIE